BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

30c Dinsdag 23 Januarie 1990 WINDHOEK Tuesday 23 January 1990 No. 5890

INHOUD:

Bladsy

AG. GOEWERMENTSKENNISGEWING

No. AG. 5 Wysiging van die regulasies uitgevaardig kragtens die Polisiewet, 1958 (Wet 7 van 1958) 1

CONTENTS:

Page

AG. GOVERNMENT NOTICE

No. AG. 5 Amendment of the regulations made under the Police Act, 1958 (Act 7 of 1958) 1

A G. Goewermentskennisgewing

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN POLISIE

No. AG. 5 1990

WYSIGING VAN DIE REGULASIES UITGEVAARDIG KRAGTENS DIE POLISIEWET, 1958 (WET 7 VAN 1958)

Die Administrateur-generaal het kragtens artikel 33 van die Polisiewet, 1958 (Wet 7 van 1958), die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 203 van 1964 verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

A G. Government Notice

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTMENT OF POLICE

No. AG. 5 1990

AMENDMENT OF THE REGULATIONS MADE UNDER THE POLICE ACT, 1958 (ACT 7 OF 1958)

The Administrator-General has under section 33 of the Police Act, 1958 (Act 7 of 1958), further amended the regulations promulgated under Government Notice R. 203 of 1964 as set out in the Schedule.

BYLAE

1. Regulasie 8 word hierby gewysig deur paragraaf (b) van subregulasie (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) Nie-Offisiere

(i) Adjudant-Offisier klas 1;
(ii) adjudant-offisier;
(iii) eerste sersant;
(iv) sersant;
(v) ondersersant; en
(vi) konstabel.".

2. Regulasie 9 word hierby gewysig deur na subregulasie (2) die volgende subregulasie in te voeg:

"(2A) Ondanks die bepalings van regulasie 8(1), kan die Administrateur-generaal die ererang van generaal aan die Kommissaris by sy uitdienstreding toeken.".

3. Bylae C word hierby deur die volgende Bylae vervang:

"BYLAE C.
[Sien regulasie 18(1)(b).]

KENTEKENS, KNOPE, RANGTEKENS, KRAAGSTUKKE EN PETTUITE

1. KENTEKENS:

(a) Alle lede	'n Elfpuntige ster in die middel waarvan die wapen van die Suidwes-Afrikaanse Polisie in 'n sirkel verskyn.
(b) Alle lede benede offisiersrang	'n Skouerteken bestaande uit die letters "POL".

2. KNOPE:

Koepelvormig, waarop die kenteken in paragraaf 1(a) beskryf, gebosseleer is.

SCHEDULE

1. Regulation 8 is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of subregulation (1) of the following paragraph:

"(b) Non-Officers

(i) Warrant Officer class 1;
(ii) warrant officer;
(iii) first sergeant;
(iv) sergeant;
(v) lance sergeant; and
(vi) constable.".

2. Regulation 9 is hereby amended by the insertion after subregulation (2) of the following subregulation:

"(2A) Notwithstanding the provisions of regulation 8(1), the Administrator-General may award the honorary rank of general to the Commissioner upon his retirement.".

3. The following Schedule is hereby substituted for Schedule C:

"SCHEDULE C.
[Vide regulation 18(1)(b).]

BADGES, BUTTONS, BADGES OF RANK, COLLAR PATCHES AND CAP PEAKS

1. BADGES:

(a) All members	An eleven-pointed star, in the centre of which appears the coat of arms of the South West African Police within a circle.
(b) All members below commissioned rank	A shoulder badge consisting of the letters "POL".

2. BUTTONS:

Dome-shaped, embossed with the badge described in paragraph 1(a).

3. **RANGTEKENS:**

Generaal	'n Gekruisde sabel en staf onder drie sterre.
Luitenant-generaal	'n Gekruisde sabel en staf onder twee sterre.
Generaal-majoor	'n Gekruisde sabel en staf onder een ster.
Brigadier	Drie diamante in 'n driehoek onder 'n ster.
Kolonel	Twee diamante onder 'n ster.
Hoofinspekteur	Een diamant onder 'n ster.
Inspekteur	Drie diamante.
Adjudant-Offisier klas 1	Die wapen van die Suidwes-Afrikaanse Polisie in 'n lourierkrans.
Adjudant-Offisier	'n Ster in 'n lourierkrans.
Eerste sersant	'n Driestreepschevron onder 'n ster.
Sersant	'n Driestreepschevron onder 'n diamant.
Ondersersant	'n Driestreepschevron.

4. **KRAAGSTUKKE:**

Generaal, Luitenant-generaal en Generaal-majoor	Die kraagstuk is van ligblou belaai met vier diamante in 'n driehoek, geplaas bo elf silwer kokerboomtakke, en aan die mytervormige end 'n silwer koepelvormige knoop belaai met die kenteken van die Suidwes-Afrikaanse Polisie.
Brigadier	Die kraagstuk is van ligblou belaai met drie diamante, geplaas bo elf silwer kokerboomtakke, en aan die mytervormige end 'n silwer koepelvormige knoop belaai met die kenteken van die Suidwes-Afrikaanse Polisie.
Kolonel	Die kraagstuk is van ligblou belaai met twee diamante, geplaas bo elf silwer kokerboomtakke, en aan die mytervormige end 'n silwer koepelvormige knoop belaai met die kenteken van die Suidwes-Afrikaanse Polisie.
Hoofinspekteur	Die kraagstuk is van ligblou belaai met een diamant, geplaas bo elf silwer kokerboomtakke, en aan die mytervormige end 'n silwer koepelvormige knoop belaai met die kenteken van die Suidwes-Afrikaanse Polisie.

3. **BADGES OF RANK:**

General	Crossed sword and baton below three stars.
Lieutenant-General ...	Crossed sword and baton below two stars.
Major-General	Crossed sword and baton below one star.
Brigadier	Three diamonds in a triangle below a star.
Colonel	Two daimonds below a star.
Chief-Inspector	One diamond below a star.
Inspector	Three diamonds.
Warrant Officer class 1	The coat of arms of the South West African Police within a laurel wreath.
Warrant Officer	A star within a laurel wreath.
First Sergeant	A three-bar chevron below a star.
Sergeant	A three-bar chevron below a diamond.
Lance Sergeant	A three-bar chevron.

4. **COLLAR PATCHES:**

General, Lieutenant-General and Major-General	The collar patch shall be of light blue charged with four diamonds in a triangle, placed above eleven silver branches of an Aloe dichotoma, and at the mitred end a silver domed button charged with the badge of the South West African Police.
Brigadier	The collar patch shall be of light blue charged with three diamonds, placed above eleven silver branches of an Aloe dichotoma, and at the mitred end a silver domed button charged with the badge of the South West African Police.
Colonel	The collar patch shall be of light blue charged with two diamonds, placed above eleven silver branches of an Aloe dichotoma, and at the mitred end a silver domed button charged with the badge of the South West African Police.
Chief-Inspector	The collar patch shall be of light blue charged with one diamond, placed above eleven silver branches of an Aloe dichotoma, and at the mitred end a silver domed button charged with the badge of the South West African Police.

5. **PETTUITE:**

Generaal, Luitenant-generaal en Generaal-majoor.....	Die pettuit is van donkergrys belaai met elf silwer kokerboomtakke, geplaas bo 'n diamant en vier silwer kokerboomblare, waarvan die binneste paar golwend en die buitenste paar geboë in lyn met die buiterand van die tuit is.
Brigadier.....	Die pettuit is van donkergrys belaai met elf silwer kokerboomtakke, geplaas bo 'n diamant en twee silwer kokerboomblare van 10,5 cm elk wat geboë in lyn met die buiterand van die tuit is.
Kolonel.....	Die pettuit is van donkergrys belaai met elf silwer kokerboomtakke, geplaas bo 'n diamant en twee silwer kokerboomblare van 6,5 cm elk wat geboë in lyn met die buiterand van die tuit is.
Hoofinspekteur.....	Die pettuit is van donkergrys belaai met 'n diamant, geplaas bo twee silwer kokerboomblare wat geboë in lyn met die buiterand van die tuit is.".

5. **CAP PEAKS:**

General, Lieutenant-General and Major-General.....	The cap peak shall be of dark grey charged with eleven silver branches of an Aloe dichotoma, placed above a diamond and four silver leaves of an Aloe dichotoma, of which the inner pair are undulating and the outer pair are embowed in line with the outer edge of the peak.
Brigadier.....	The cap peak shall be of dark grey charged with eleven silver branches of an Aloe dichotoma, placed above a diamond and two silver leaves of an Aloe dichotoma of 10,5 cm each, which are embowed in line with the outer edge of the peak.
Colonel.....	The cap peak shall be of dark grey charged with eleven silver branches of an Aloe dichotoma, placed above a diamond and two silver leaves of an Aloe dichotoma of 6,5 cm each, which are embowed in line with the outer edge of the peak.
Chief-Inspector.....	The cap peak shall be of dark grey charged with a diamond, placed above two silver leaves of an Aloe dichotoma, which are embowed in line with the outer edge of the peak.".

Gedruk deur
JOHN MEINERT (EDMS) BPK.

Verkrygbaar by
STAR BINDERS & PRINTERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed by
JOHN MEINERT (PTY) LTD.

Obtainable from
STAR BINDERS & PRINTERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa